

## Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

### Lied 163

Soos 'n wildsbok wat smag na water,  
smag my siel na U, o Heer.

U alleen is my hartsverlange  
en ek bring aan U die eer.

U alleen is my bron van krag;  
in U teenwoordigheid wil ek wag,

U alleen is my hartsverlange  
en ek bring aan U die eer.

## Woorddiens

Tema: Gesindheid of motivering?

Skriflesing: Matteus 5:21-33

### Broodjies vir die pad

“Everything can be taken from a man but one thing: the last of the human freedoms—to choose one’s attitude in any given set of circumstances, to choose one’s own way.”

— Viktor E. Frankl, *Man's Search for Meaning*

“Contemplation, sadly, helps you see your woundedness! That’s why most people do not stay long with contemplative prayer, because it’s not very glorious. It’s a continual humiliation, realizing, “Oh my God, I did it again. I still don’t know how to love!”

— Richard Rohr, *Radical Grace: Daily Meditations* by Richard Rohr

“I want to find a way of speaking to fellow human beings that will be cool rather than heated, philosophical rather than polemical, that will bring enlightenment rather than seeking to divide us into the righteous and the sinners, the saved and the damned, the sheep and the goats.”

— J.M. Coetzee, *The Lives of Animals*

“Certain thoughts are prayers. There are moments when, whatever be the attitude of the body, the soul is on its knees.”

— Victor Hugo

“If you can cultivate the right attitude, your enemies are your best spiritual teachers because their presence provides you with the opportunity to enhance and develop tolerance, patience and understanding.”

— Dalai Lama XIV

### Diepte

Die dronkaard dryf  
van deur tot dowe deur  
deur die donker.

Sy rollende kop gaan  
in 'n stinkende steeg staan.

Sy drome verdrink  
agter geswolle lippe,  
sy oë,  
sinkende sente  
in poeletjies staande water.

Wie sou die gedoemde poësie wou lees  
wanneer sy lyf  
soos 'n deurdrenkte gedig  
uit 'n bottel gevou word?

Wie sou dink dat hy sy lot verdien?  
Wie sou die diepte van die mensdom  
daarin sien?

*Vincent Oliphant*

Wil jy praat oor God? Hiér is plek vir almal

*Wilhelm Jordaan*

Dit gebeur soos klokslag: Skryf oor kleinlettertjie-god, hoofletter-God en voeg 'n knertsie evolusie by en jy kry 'n gros dwarsklappe en geringe applous.

Wat my laat dink: Is daar 'n manier om oor God te praat sonder om mekaar verdag te maak? Die filosoof Paul van Buren reken so.

Hy sê ons praat oor God kan voorgestel word as voortdurende bewegings op 'n enorme taalplatform. In die middel is die konvensionele manier van praat oor God – die amptelike kerkpraak in die vorm van tradisionele belydenisse, leerstellings en kategismus-preke.

Dié soort taal help mense om die “korrekte” gangbare dinge oor God te sê. Wanneer 'n mens meer persoonlik oor God praat en smag na sy teenwoordigheid, soos dit byvoorbeeld in die Psalms en in sommige van Totius se gedigte gebeur, beweeg jy weg uit die middelgebied na die platform se rande.

Hier op die “rande van taal” is daar nie voorskrifte nie, juis omdat kreatiwiteit ongemaklik daarmee is. Jong kinders se praat oor God is dikwels voorskrifloos, want hulle probeer om met hul klein woordeskat iets oor God raak te vat. Daaruit kom soms verrassende taalskeppings en insigte, soos: “God wys nooit 'n vuis nie”, “God wuif vir my” en “God eet ook uie”. Só word God vir hulle 'n vanselfsprekende nabyheid, jou tafel- en reisgenoot, as 't ware.

Dan verander dinge. Deur preke, onderrig, kategese en voorbeeld word kinders algaande teruggedwing na die amptelike kerkpraak sodat hulle “korrek” oor God kan leer praat.

Dit opsigself is nie skadelik nie, solank 'n mens begryp kinders én volwassenes se geloofstwyfel gebeur dikwels omdat kerkpraak as leeg en verbeeldingloos beleef word. Juis dan is daar weer bewegings na die rande van taal, gevoed deur 'n hunkering na iets méér en anders.

Sommiges verwerp die tradisie en raak atëisties of agnosties. Ander vind die “iets meer” in buitekerklike spiritualiteit of in ’n ander godsdiens. Nog ander verken die rande van taal sonder om die tradisie te verwerp en kry iets van die oorspronklike geloof terug in en déúr hul verwondering oor God as ’n geheim.

Soos Sheila Cussons dit sê in die gedig “Besoeiking”: “Daar het so pas ’n engel / deur my kop gegaan / terwyl ek op my rug gedink-lê het: / ’n straal versekering: ek is nie vergeet nie. / Roerloos verras wil ek nie roer nie, / en verder nie dink nie, net vashou: / Solank ek dit kán, sal ék kan hou.”

In dié gedig geld die “korrekte” konvensies in die middelterrein van die taalplatform nie. Tog bied dit ’n meevoerende belewenis van Goddelike teenwoordigheid. Soos toe jy ’n kind was.

Só gesien, is daar op dié taalplatform vir almal plek – volgens eie keuse van tradisie, vernuwing of distansiering. Ons hoef nie mekaar daar af te stamp, te skouer of te boelie nie.

\* *Jordaan is ’n buitengewone professor in sielkunde aan die Universiteit van Pretoria.*

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/wil-jy-praat-oor-god-hier-is-plek-vir-almal-2020021>

Today, as we have seen, fascism and communism are discredited, but are replaced by a paraphilic consumer culture driven by fantasy, desperately in search of distractions and escalating sensations, and a fundamentalist culture wherein the rigors of a private journey are shunned in favor of an ideology that, at the expense of the paradoxes and complexities of truth, favors one-sided resolutions, black-and-white values, and a privileging of one's own complexes as the norm for others. ”

— James Hollis, *Why Good People Do Bad Things: Understanding Our Darker Selves*

## Brood vir die pad

“Learn the rules like a pro, so you can break them like an artist.”

— Pablo Picasso

“(I)f we are going to be kind, let it be out of simple generosity, not because we fear guilt or retribution.”

— J.M. Coetzee, *Disgrace*

## Bybel vertel van regtige vroue, nie ‘dames’ nie

*Christina Landman*

Valentynsdag is om die draai. Ek hoor toe mos dié ding: Valentynsdag is vir dames. Dan kan jy jou skoene uitskop en ’n man jag. Alles naamloos natuurlik, anders is jy nie meer ’n dame nie. En as jy hom klaar gevang het, moet hy jou dié dag soos ’n dame behandel.

Ek soek toe maar die woord “dame” in die Bybel op. Ek kry dit glad nie. Daar is nie ’n dame in die Bybel nie. Ek is so verlig.

Want ’n dame is nie iets wat in die Bybel hoort nie. Die Bybel vertel van regtige vroue. En “dame” is ’n woordjie wat eers later uitgedink is om ons vroue se siele suiwer te hou vir die regtige lewe. Ons word “dames” genoem sodat ons goed kan voel oor ons onderwerping.

’n Dame seil maagdelik en woordeloos verby sodat ’n man haar kan kies wanneer hy klaar met slegte meisies gejol het. ’n

Dame drink nie in die openbaar nie, vertel nie grappe nie en geen rowwe woordjie kom oor haar lippies nie, nie eens “bakgat” nie. Sy praat nie hard nie, nie eerste nie en eet nie dik snye brood nie. Sy gee klein treetjies en gaan gimtoe sonder om spiere aan te sit.

Dis goed as meisies besluit om nie rond te slaap, te drink en vulgêr te wees nie. En om goed te voel in hul liggaam. Maar dis goed as jong mans dit ook besluit.

Die probleem met “dame” is dit word gebruik om vroue se wêreld klein te maak. Sy moet mense plesier en verder op die agtergrond bly. Sy moenie ’n mening hê nie, maar wel ’n goeie haredag, kom wat wil. Dís ’n dame.

Geen wonder daar is nie dames in die Bybel nie. Die vroue in die Bybel gee geboorte waar hul omstandighede hulle vat, staan self op om die baba toe te draai en neer te lê. Sy stig gemeentes en sorg vir (ander) vroue wat swaarkry.

Kan jy jou voorstel dat die engel aan Maria, ’n dame uit Nasaret, sou verskyn het? Of dat daar van die wyse dame van Tekoa gepraat sou word?

Nou waar kom die woord “dame” dan vandaan? En hoekom sterf die woord nie uit nie?

Die Bybel is natuurlik nie in Afrikaans geskryf nie. En dat daar van vroue en nie dames gepraat word nie, beteken net een ding: Daar was nie in die Hebreeus en die Grieks waarin die Bybel geskryf is ’n woord soos “dame” nie.

“Dame” is ’n konstruksie van die afgelope paar eeue. Ek dink ons het dit van die Engelse “lady” gekry. ’n “Lady” is net vir mooi lyk en niks doen nie. Haar ideaal is om ’n man te vang wat aan haar status gee. Die vroue in die Bybel is nie dames nie. Hulle is nie toegeknyp in gestileerde rolletjies nie. Hulle is doeners. Hulle dra die gemeenskap en die gemeente.

Nou hoekom wil vroue dan so graag nog “dames” genoem word? Vroue is versot daarop. Dit laat hulle, in hul verslawing, spesiaal voel. Dis wat ons “kolonialisme” noem. Iemand het ’n kolonie kom stig in jou kop. Hy regeer jou terwyl jy dankbaar en gevelei daarvoor voel.

My pa het altyd gesê Valentynsdag is ’n heidense fees. Ek gaan dit nie vier nie. Ek staan aan die Bybel se kant. Ek is nie ’n dame nie.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/bybel-vertel-van-regtige-vroue-nie-dames-nie-2020021>

“Each time we deal a mortal blow to the ego, the pasch of Jesus is traced in our flesh. Each time we choose to walk the extra mile, to turn the other cheek, to embrace and not reject, to be compassionate and not competitive, to kiss and not bite, to forgive and not massage the latest bruise to our wounded ego, we are breaking through from death to life.”

— Brennan Manning, *The Signature of Jesus*

## Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,  
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor*

*ubi caritas, Deus ibi est.*

Seën

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877